Antwoordstel: Les 9 : Derde Kwartaal 2018

1. Deel in lief en leed
2. Bid om opening van die woord en vir mekaar
3. Doen saam Bybelstudie
4. Kuier (eet) saam.
5. Bly bid vir mekaar en die gemeente.

.

Vraag 1. Lees die skrifgedeeltes en laat elkeen sy of haar mening gee tov dit wat hul gehoor het.

Vraag 2. Laat elkeen vertel wat hul dink. Moontlike redes: - eie ek, rassisme, meerderwaardigheid, onbeheersde woede – die sondes van Gal 5:17 en 18 en gebrek aan dit wat Gal 5:19-22 ons vra.

Vraag 3.

a. Vrede begin deur met God te versoen.
b. Ons bekommernisse en haat en ongeduld voor God in gebed bring
c. Op die goeie dinge in die lewe fokus en doen wat God vra
d. Ander vergewe soos die Here ons vergewe het – onvoorwaardelik
e. Nie kwaad met kwaad vergeld en wraaksugtig wees nie. Laat oordeel aan Here oor.
f. Bring vrede deur goed te doen aan jou vyand.

<u>Vraag 4</u>

Die Here sal ons genadig wees as ons ander vergewe en ons as vredemakers seën met kindskap van Hom.

Vraag 5.

a. Laat elkeen eie mening gee. Bang. Trek eerder terug en laat ander “die moue oprol” as om self iets te doen. Storms en gevare lyk groter as om te waag en aan God se beloftes en genade vas te hou.
b. Geloof kleiner as die storms in ons lewe. Party wil Hom nie raaksien en eerder sukkel en bang wees en op eie kragte staatmaak.

Vraag 6. Laat mense vrylik hul mening gee. Belangrik is dat ons positief moet leef en praat, nie oor alles kla en bekommerd wees nie, nie onttrek of in ‘n hoekie gaan sit nie maar voluit leef met vertroue en voluit getuig dat jou lewe in God se hande is en jy daarom jou deel doen in God se koninkryk.

<u>Slot</u> Lees die slot en bid saam.